11.1.4 APPÈL SR T SATTLEGGER TEEN BESLUIT SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE (NOVEMBER 2005) OOR DIE APPÈL VAN DIE KERKRAAD STELLENBOSCH TEEN KLASSISBESLUIT VAN 2005 (Artt 12, 125, 137, 226)

Die Sinode gaan in camera.

A. Sr T Sattlegger stel die Appèl.
B. Ds D Pansegrouw gee toeligting namens die Suidelike Partikuliere Sinode.
C. Geleentheid word gegee vir vrae en bespreking.
D. **Besluit:** Verwys na Appèlkommissie (Kommissie 2).
E. Ds GJ Meijer rapporteer namens die Appèlkommissie.
F. Geleentheid word gegee vir repliek deur die appellant.
G. Geleentheid word gegee vir repliek deur die toeligter van die Partikuliere Sinode.
H. Geleentheid word gegee vir repliek deur die toeligter van die Appèlkommissie.
I. Die afgevaardigdes van die Suidelike Partikuliere Sinode neem nie aan die stemming deel nie.

J. APPÈL

Aanloop

1. Kennis van beswaar op Sinode van Januarie 2006 is gegee op 1 Desember 2005 (Bylae 1).
2. Die Appèl is begrond daarop dat die Partikuliere Sinode ‘n formele/tegniese redenasie gebruik (wat nie op Skrif, Belydenis of die korrekte verstaan van die Kerkorde berus nie) om ‘n besluit wat wel op grond van Skrif en Belydenis geneem is, ter syde te stel.
3. In 2002 aanvaar Klassis Boland die volgende besluit (Handeling Klassis Boland 2002, art 45 – Bylae 2):
   “3.2. *Dat die Klassis die gebruikmaking van die Jesus-film in evangelisasie nie wenslik ag nie aangesien die uitbeelding van Jesus in hierdie film nie reg kan laat geskied aan die feit dat Hy ware God en ware mens is nie*”
   “*Dat waar die film vir evangelisasie gebruik word, dit met omsigtigheid en met verantwoordelike begeleiding gebruik moet word en deur suiwer Woordverkondiging voorafgegaan en opgevolg word*.”
4. Tydens Klassis 2003 word ‘n Beswaarskrif teen die 2002 besluit ter tafel geneem. Die Kommissie lewer eers sy rapport tydens die Klassis van 2004 en besluit die volgende (Handelinge Klassis Boland 2004, art 45.3 – Bylae 3):
   “45.3.1 *Die Klassis spreek hom nie uit dat Jesus afgebeeld mag word of nie*.”
   “45.3.2 *Die hantering van hierdie en derglike hulpmiddels in evangelisasie word aan die verantwoordelikheid van die wat daarby betrokke is oorgelaat*.”
   “45.3.3 *Indien die hulpmiddels wel gebruik word, moet dit met omsigtigheid aangewend word in diepe verantwoordelikheid voor God*.”
5. Belangrik om daarop te let dat die Klassisbesluit nie die afbeelding van Christus as Skrifgetrou beoordeel het nie. Kerkraad Stellenbosch maak verkeerdelik die afleiding dat die Klassisbesluit Christusafbeelding as Skrifgetrou sou goedkeur (Handelinge Klassis Boland 2005, art 16.2.1.2 en art 16.3.1.1-).

6. Stellenbosch verleen goedkeuring aan, en bevorder, ‘n plakkaat waarop ‘n afbeelding is wat Christus voorstel, waarteen ondergetekende eers beswaar aanteken by die Kerkraad (Bylae 5) en daarna op grond van die Skrif en Belydenis teen die Kerkraadsbesluit appelleer (Bylae 6,7).
7. Klassis 2005 handhaaf die Appèl (Handelinge Klassis Boland 2005, art 16 – Bylae 4).
8. Stellenbosch appelleer suksesvol teen die Klassisbesluit (Handelinge Klassis Boland 2005, art 16.3): “Appèlpunt 1. *Die Klassis krenk die reg wat in Gereformeerde kerkregering – wat wesenlik Christus se regering in Sy kerk bedien – moet geld, deur willekeurig en opportunisties ‘n vorige besluit (Klassis 2004) te negeer sonder om enige gronde daarvoor aan te voer*” (Bylae 8).
9. Volgens die Kerkraad van Stellenbosch gebruik hulle al jare lank die plakkaat waarop Christus afgebeeld word (Handelinge Klassis Boland 2005, art 16.2.2): “‘*n Lidmaat in die Geref Kerk Stellenbosch versprei al jarelank ‘n kleurplakkaat wat ‘n grafiese voorstelling gee van die metafoor van Jesus in die Bergrede, nl* ***Die Smal en Breë weg****. Behalwe tekeninge met Skrifverwysings wat die aandag van die gebruiker moet trek, is daar onderaan die plakkaat op ‘n strategiese plek ‘n voorstelling van drie mense aan kruise. Ongetwyfeld is die middelste figuur ‘n verwysing na Jesus se kruisiging. Meer as 700 000 eksemplare van die plakkaat is al in ‘n groot verskeidenheid van tale versprei, meesal onder mense wat baat kan vind by so’n visuele voorstelling. Die plakkaat is ook in die kerkgebou se portaal beskikbaar met almal se volle wete.*”
10. Die Partikuliere Sinode handhaaf die Appèl op die eerste Appèlgrond (Handelinge Suidelike Partikuliere Sinode 2005, art 29) (Bylae 9)
    “3.1.1.1 *Die Kerkraad voer aan dat die Klassis ‘n vorige besluit negeer sonder om enige gronde daarvoor te gee. Die beredenering van die Kerkraad toon hierdie beswaargrond oortuigend aan*.”
    “3.1.1.2 *Dit is voorts duidelik uit die aanhaling van die vorige besluit van die Kerkraad deur sr Sattlegger in haar Appèl teen die Kerkraad dat die Kerkraad se besluit inderdaad begrond is op die besluit van die Klassis. (Aanhangsel B). Volgens 3.1.3.1 van die beredenering het die Deputate van Stellenbosch dit wel onder die aandag van die Klassis gebring*.”
    “3.1.1.3 BEVINDING:
    Die eerste Appèlgrond word korrek beredeneer en slaag dus.”
    “3.1.2.3 *Dat die Appèl op grond van Appèlgrond 1 slaag*.”
    Besluite:
    “Punt 3: *Goedgekeur*.”

Kerkregtelike agtergrond

11. Die gemeenakkoord in die GKSA oor Christusafbeeldings, ingevolge die 2e Gebod, is dat Christus nie afgebeeld mag word nie.
12. Wat onder andere staan is dat “*Die Klassis spreek hom nie uit dat Jesus afgebeeld mag word of nie*” (Handelinge Klassis Boland 2004, art 45.3.1 – Bylae 3).
13. Klassis Boland 2005 handhaaf ‘n Appèl teen die afbeelding van Christus op die smal en breë weg plakkaat, wat begrond is op die Skrif en ons Belydenis (Bylae 4). Die implikasie van die geslaagde Appèl is dus dat die Klassis hom nou wel uitspreek **dat die afbeelding van Jesus Christus op die plakkaat met die Skrif en ons Belydenis bots**.

14. Die vorige besluit (2004) het hulpmiddels by evangelisasie aan die gewete van die individue/plaaslike kerke oorgelaat: "*Indien die hulpmiddels wel gebruik word, moet dit met omsigtigheid aangewend word in diepe verantwoordelikheid voor God"* (Handelinge Klassis Boland 2004, art 45.3.3 – Bylae 3). Let wel dat hierdie besluit nie op Skrif en Belydenis gebaseer is nie, maar dat dit wel in afhanklikheid/ onderworpenheid van die Skrif en Belydenis staan.
15. Nou aanvaar die kerke wat Klassis Boland 2005 gevorm het die kollektiewe verantwoordelikheid dat die afbeelding van Christus op die plakkaat bots met die Skrif en ons Belydenis deur die volgende Appèlgronde (met elkeen se motivering) te laat slaag (Handelinge Klassis Boland 2005, art 16 – Bylae 4):
    Appèlgrond 1: *Die Kerkraad se besluit dat die afbeelding van Christus (op die smal en breëwegplakkaat) gebruik kan word as evangelisasiemateriaal bots met die Skrif en ons Belydenis tov die 2e Gebod*:
    Appèlgrond 2: *Die Kerkraad se besluit dat die afbeelding van Christus (op die smal en breëwegplakkaat) gebruik kan word as evangelisasiemateriaal bots met die Skrif en ons Belydenis tov die eenheid van Christus se twee nature*:
16. Omdat die Klassisbesluit (2005) oor die afbeelding van Christus op die die plakkaat op die Skrif en Belydenis begrond is, verval die vorige onsekerheid waarvolgens Stellenbosch vertolk dat hulle "vergunning" sou ontvang om "*in diepe verantwoordelikheid voor God*" wel die Christusafbeelding op die plakkaat te steun.
17. Die implikasie van die Partikuliere Sinode besluit is dat die *status quo* voor die geslaagde Appèl weer geld, naamlik: "*Die Klassis spreek hom nie uit dat Jesus afgebeeld mag word of nie.*" (Handelinge Klassis Boland 2004, art 45.3.1 – Bylae 3). Voorts dat Kerkrade, nou weer wederregtelik die Klassisbesluit van 2004 kan vertolk as dat die afbeelding van Christus gebruik mag word en word gelowiges se gewetens daardeur gebind.
18. Dit bring mee dat die Partikuliere Sinode nou reg krenk onder NGB, art 7, wat stel dat God se Woord volmaak is en aan ons volledig beskryf wat die korrekte inhoud van ons diens aan Hom moet wees. Volgens NGB, art 7 is dit onmoontlik dat die Skrif nie duidelik genoeg sou wees om uit te maak of ons God mag dien deur Christusafbeeldings en of dit teen God se wil sou geskied nie.
19. **Besluit waarteen beswaar gemaak word:** (Handelinge Suidelike Partikuliere Sinode 2005, art 29).
    "Punt 3: *Goedgekeur.*" (Vgl 10 bo vir die Kommissie se aanbeveling).

20. **Gronde van Appèl teen die besluit**

Eerste Appèlgrond

20.1 Partikuliere Sinode (2005) krenk reg omdat hulle 'n onsekere besluit (Klassis Boland 2004) wat nie op die Skrif en Belydenis gebaseer is nie, gebruik as formele/tegniese rede om 'n besluit (dat die genoemde afbeelding van Christus, deur die Skrif afgewys word) wat wel op Skrif en Belydenis gebaseer is, ter syde te stel. Die tegniese rede is gebaseer op 'n verwarring tussen KO, art 46 en KO, art 31. Die Appèl word behandel itv KO, art 31 waarvolgens dit gaan oor regspraak, en waar die praktiese gevolge(**a** onder) van die Appèl nie die uitslag van die Appèl mag beïnvloed nie. Dit is presies wat die Partikuliere Sinode doen, hulle gebruik 'n verkeerde interpretasie van die gevolg van die geslaagde Appèl om die Appèl self itv KO, art 46 ter syde te stel en krenk daarom reg onder KO, art 31.

(a) Solank sodanige gevolge nie 'n situasie skep wat in stryd met die Skrif en ons Belydenis is nie.

Motivering

20.1.1 Die besluit van Klassis Boland (2004) is onseker en dubbelsinnig omdat (a) hy hom nie uitspreek dat die afbeelding van Christus Skriftuurlik of onskriftuurlik is nie, en (b) omdat die besluit gevolglik deur sommiges vertolk word, as dat die afbeelding van Jesus Christus gebruik kan word.

20.1.2 Die Klassisbesluit (2004) is nie op die Skrif en Belydenis gegrond nie. Dit verklaar bloot dat daar "twee uiteenlopende standpunte" is (Bylae 4) oor die toepassing van die 2e Gebod. Daar word geen Skrif- of Belydenisbegronding van die besluit in die Klassisnotule weergegee nie (2004).

20.1.3 Stellenbosch voer in hulle Eerste Appèlgrond, wat slaag, argumente onder die "beginsels" van KO, art 46 aan (art 16. 3.1.3.4.1). Daarvolgens beslis die Partikuliere Sinode dat "3.1.1.1 *Die Kerkraad voer aan dat die Klassis 'n vorige besluit negeer sonder om enige gronde daarvoor te gee. Die beredenering van die Kerkraad toon hierdie beswaargrond oortuigend aan*." Die Partikuliere Sinode krenk reg onder KO, art 31 omdat 'n beginsel tot 'n kerkwet verhef word, naamlik om 'n vorige besluit wat nie op die Skrif of Belydenis gegrond is nie as formele/tegniese rede te gebruik om 'n besluit wat wel op die Skrif en Belydenis gegrond is te skrap (vgl Spoelstra, Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering, p24.)

20.1.4 Die misbruik van die Kerkorde word deeglik bespreek deur LS Kruger *et al.* in Handleiding by die Kerkorde, p13, 43. Daarvolgens het die Kerkorde nie "*'n dwingende, gebiedende*" karakter nie en moet dit "*die kerklike lewe bepaal sodat van die grondslag (Skrif en Belydenis) nie afgewyk word nie*." En "***Dit spreek vanself dat 'n voorstel met belangrike materie swaarder weeg as die formele reël van KO, art 46***" (vgl LS Kruger *et al*., p285). "*Afwyking van 'n prosedure is in regverdigbare situasies toelaatbaar wanneer dit om die eer van God en opbou van die kerk gedoen word*." (Spoelstra, p201). "*As ons Kerkordes en Sinodebesluite as bron van die kerkreg neem, kan ons hoogstens van 'n konstitusionele monargie praat wat die Skrif nie ken nie*." (Spoelstra, p23). Dit is ook logies omdat die Kerkorde sy gesag van die Hoof Christus ontleen (Ef 4:15) en dus nie gesag oor die Skrif kan uitoefen nie (vgl ook Calvyn se Institusie: 4:2.4; 4:3.1,2,7,8,14; 4:7.23; 4:8.1-4, 7-8).

20.1.5 Partikuliere Sinode gebruik 'n verkeerde interpretasie oor die geslaagde Appèl. Vgl die motivering in 15, 16 bo vir die korrekte praktiese implikasies van die geslaagde Appèl op Klassis 2005.

20.1.6 Volgens die kerkreg (KO, art 31) behoort die implikasies van die geslaagde Appèl nie die regspraak oor die Appèl te beïnvloed nie (vgl LS Kruger *et al*., p199, Spoelstra, p197). Dit gaan oor regspraak van Christus self. Dit is presies wat die Partikuliere Sinode hier doen. 'n Formele/tegniese argument wat boonop op 'n verkeerde interpretasie van die geslaagde Appèl berus (vgl 15, 16 bo vir die korrekte gevolg van die geslaagde Appèl) word deur die beginsels in KO, art 46 kragteloos gemaak. Daarom krenk die Partikuliere Sinode reg onder KO, art 31.

Tweede Appèlgrond

20.2 Die besluit van die Partikuliere Sinode 2005 verleen aan die besluit (wat nie op Skrif of Belydenis gegrond is nie) van ‘n vergadering meer gesag as aan die Skrif en krenk daarom reg onder NGB, art 7.

Motivering

20.2.1 Die besluit van Klassis 2004(**a1** onder), berus op ‘n meningsverskil (**a2** onder), en nie op die Skrif of ons Belydenis nie. Daarteenoor is my Appèl op die Klassis (Bylae 4 en 7) wat geslaag het, op die Skrif en Belydenis gegrond.

20.2.2 Volgens NGB, art 7 mag geen besluit (geskrifte van mense) oor die gesag van die Woord heers nie. Dit is presies wat die Partikuliere Sinode doen en daarom krenk hulle reg onder NGB, art 7.

(a1) Die Klassis spreek hom nie uit dat Jesus afgebeeld mag word of nie (Handelinge Klassis Boland 2004, art 45.3 Bylae 3)

(a2) Bevindinge. Daar is duidelik twee uiteenlopende standpunte, nl: (1) Geen afbeelding van Jesus mag gemaak word nie. (2) Jesus mag afgebeeld word solank die afbeeldinge nie vereer word nie (Handelinge Klassis Boland 2004, art 45.2 Bylae 3)

Derde Appèlgrond

20.3 Die Suidelike Partikuliere Sinode se besluit dat die Appèl van die Kerkraad Stellenbosch slaag, en dat die besluit van Klassis 2005 met hierdie besluit, op die gronde soos aangevoer, ter syde gestel word, bots met die Skrif en ons Belydenis ten opsigte van die Leer oor die volkomendheid van die Heilige Skrif.

Motivering

20.3.1 Die Partikuliere Sinode 2005 kies deur hulle uitspraak vir ‘n besluit wat dubbelsinnig is en nie duidelik uitspraak gee oor die korrekte wyse waarvolgens ons God ook met die Tweede Gebod moet dien nie (vgl a1 en a2 bo).

20.3.2 Die skrywer het geen twyfel dat die Suidelike Partikuliere Sinode 2005 (asook inderdaad die Kerkraad Stellenbosch) die Heilige Skrif as volkome ag nie. Tog is dit so dat ons bely dat die Skrif genoegsaam is om ons God se wil en wet te leer. En dat geen kerkvergaderings of besluite met die waarheid van God gelykgestel kan word nie, want die waarheid is bo alles (NGB, art 7). Wanneer dan oor ‘n wesentlike saak (die Gebod van God en die Leer aangaande Christus se twee nature) ooreenstemmend met die Skrif en ons Belydenis geoordeel word, (soos Klassis 2005 gedoen het) is die Skrif duidelik genoeg om uitspraak te gee oor die korrekte wyse waarop ons God moet dien. Die Partikuliere Sinodebesluit bekragtig effektief ‘n besluit wat bots met die Skrifbeginsel oor die Leer van die volkomendheid van die Skrif (vgl a1 en a2 bo).

20.3.3 Ons mag noodwendig geen ander maatstaf (soos vorige kerklike besluite – Klassis 2004-) as die Skrif self, en ons Belydenis gebruik om sodanige besluit mee te evalueer nie, en ook nie ander maatstawwe gebruik om besluite waaroor die Skrif duidelik is boonop ter syde mee te stel nie.

Vierde Appèlgrond

20.4 Die Suidelike Partikuliere Sinode se besluit dat die Appèl van die Kerkraad Stellenbosch slaag, bots met die Skrif en ons Belydenis tov die Tweede Gebod.

Motivering

20.4.1 Deurdat die Suidelike Partikuliere Sinode besluit instrumenteel is om die besluit van Kerkraad Stellenbosch te herbekragtig, kondoneer hulle die kerkraadsbesluit dat: *Jesus Christus was ook waarlik mens...., daarom mag die Kerkraad die plakkaat waarop Jesus afgebeeld word gebruik, en nog bly ondersteun*.

20.4.2 Hierteenoor: Volgens die verklaring van die 2e Gebod (HK, vr/antw 96, 97) mag God op geen manier afgebeeld word nie. Christus is waaragtig God (NGB, artt 8,10) en mag daarom op grond van God se bevel (Eks 20:4,5)3 in die 2e Gebod nie afgebeeld word nie

20.4.3 Die 2e Gebod bestaan volgens die Heidelbergse Kategismus uit twee dele wat elk in eie reg en selfstandig geld: (a) *Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie* EN (b) *ons mag Hom op geen ander manier vereer as wat Hy is sy Woord beveel het nie*. Beide hierdie elemente/beginsels geld gelyktydig en in eie reg, soos deur die "EN" in die Heidelbergse Kategismus aangedui.

20.4.4 Bogenoemde word verder deur die Kategismus versterk en beklemtoon: "God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie" (HK vr/antw 97).

20.4.5 Geen omstandighede of gronde, behalwe Skrif en Belydenisgronde mag – kan- bogenoemde (20.4.1-20.4.3) weerlê, weerspreek, ignoreer, ondergeskik stel, ter syde stel of vernietig nie, sonder dat sodanige weerlegging, weerspreking, ignoreering, tersyde stelling of vernietiging self skuldig is aan botsing met die Tweede Gebod nie.

20.4.6 Die besluit van 'n kerklike vergadering (Klassis 2005) wat bepaal dat bogenoemde (20.4.1-20.4.3) waar is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat die Skrif en Belydenis iets anders se as wat aangehaal en beredeneer is, die Suidelike Partikuliere Sinode het geen sodanige bewyse oorweeg of gevind nie.

Vyfde Appèlgrond

20.5 Die Suidelike Partikuliere Sinode se besluit dat die Appèl van die Kerkraad Stellenbosch slaag, bots met die Skrif en ons Belydenis tov die eenheid van Jesus Christus se twee nature.

Motivering

20.5.1 Deurdat die Suidelike Partikuliere Sinode die besluit van Kerkraad Stellenbosch herbekragtig, kondoneer hulle noodwendig die Kerkraadsbesluit wat weergegee word as dat: *Jesus Christus was ook waarlik mens, daarom mag die Kerkraad die plakkaat waarop Jesus afgebeeld word gebruik, en nog bly ondersteun*.

20.5.2 Ons belydenis oor die menswording van Christus (Atanasius artt 30-37) stel dat: Christus tegelyk God én mens is (art 30). Deur sy mensheid af te beeld of sulke afbeeldings toe te laat word Christus se tegelyke eenheid as God

misken (art 30); Saam met Christus se mensheid is Hy volkome God en aan die Vader gelyk (artt 32, 33) – deur afbeeldings van Christus toe te laat word impliseer dat Hy nie volkome God is nie; Terwyl Hy God en mens is, is Hy nogtans nie twee nie maar een Christus (artt 34-36) – afbeelding van sy menslike natuur sou die eenheid van Christus se twee nature aantas of misken; Omdat God en mens een Christus is (art 37) mag Christus nie afgebeeld word nie want dit sou sy eenheid/Godheid aantas; Hierdie twee nature is só saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie (NGB, art 19) – ons mag dus nie Christus se Godheid van sy mensheid probeer skei deur (slegs) sy mensheid (geskei van sy Godheid) af te beeld nie, omdat dit sy Godheid aantas / misken.

20.5.3 Geen omstandighede of gronde, behalwe Skrif en Belydenisgronde mag – kan- bogenoemde (20.5.2) weerlê, weerspreek, ignoreer, ondergeskik stel, ter syde stel of vernietig nie, sonder dat sodanige weerlegging, weerspreking, ignoreering, tersyde stelling of vernietiging self skuldig is aan botsing met die Skrifleer oor die eenheid van Jesus Christus se twee nature nie.

20.5.4 Die besluit van 'n kerklike vergadering (Klassis 2005) wat bepaal dat 20.5.2 bo waar is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat die Skrif en Belydenis iets anders se as wat daar aangehaal en beredeneer is, die Suidelike Partikuliere Sinode het geen sodanige bewyse oorweeg of gevind nie.

K. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE

1. Opdrag

Oorweeg die Appèl van sr T Sattlegger teen genoemde besluit en adviseer die Sinode of regskrenking plaasgevind het.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Werkwyse*

1.2.1 Die betrokke Appèlskrif met sy Bylaes is bestudeer.

1.2.2 Die appellant sowel as 'n toeligter van Suidelike Partikuliere Sinode is in mekaar se teenwoordigheid aangehoor.

Besluit: Kennis geneem.

1.3 *Tersaaklike historiese verloop*

1.3.1 Klassis Boland neem in 2002 die volgende besluit: "*Dat die Klassis die gebruikmaking van die Jesus-film in evangelisasie nie wenslik ag nie, aangesien die uitbeelding van Jesus in hierdie film nie reg kan laat geskied aan die feit dat Hy ware God en mens is nie" (art 45 2.2).*

1.3.2 Tydens Klassis Boland 2003 word 'n Beswaarskrif teen bg besluit ingedien. Dit word na 'n Kommissie verwys wat in 2004 daarop antwoord:

45.3.1 Die Klassis spreek hom nie uit dat Jesus afgebeeld mag word nie.

45.3.2 Die hantering van hierdie en derglike hulpmiddele in evangelisasie word aan die verantwoordelikheid van die wat daarby betrokke is oorgelaat.

45.3.3 Indien die hulpmiddels wel gebruik word, moet dit met omsigtigheid aangewend word in diepe verantwoordelikheid voor God.

1.3.3 Die Gereformeerde Kerk Stellenbosch keur goed dat die plakkaat "Die Breë en Smal Weg" as evangelisasiemateriaal gebruik en in die ingangsportaal van

die kerk beskikbaar gestel word. Op die plakkaat is ‘n afbeelding wat Christus sou voorstel.

1.3.4 Op 24 April 2005 teken sr Sattlegger beswaar hierteen aan by die Kerkraad van Stellenbosch. Sy stel dat die Kerkraad strydig handel met die Leer van die Kerk (NGB, art 10, HK, So 35, Miga 5:1 en Heb 7:3) aangesien die Kerkraad afbeeldinge van God toelaat en bevorder.

1.3.5 Die Kerkraad volstaan by die gebruik van die plakkaat. In hulle antwoord op sr Satlegger se beswaar stel die Kerkraad onder andere (punt 3): *Jesus Christus was ook waarlik mens. Mense het Hom gesien, hulle kon aan Hom gevat het, hulle het met Hom gepraat ... Daarom kan die plakkaat (Die Breë- en Smalweg) waarop Jesus afgebeeld word, in die gees van die Klassisbesluit van 21 September 2004, wat oor die Jesus-film handel, gebruik word as evangeliesasiemateriaal.*

1.3.6 Sr Sattlegger appelleer na Klassis Boland Augustus 2005. Hierdie Appèl slaag (Klassis Acta, art 16).

1.3.7 Op sy beurt appelleer die Kerkraad van Stellenbosch teen die uitspraak van die Klassis na Suidelike Partikuliere Sinode November 2005. Die Kerkraad voer aan dat die Klassis reg krenk “deur willekeurig en opportunisties ‘n vorige besluit (Klassis 2004) te negeer sonder om enige gronde daarvoor aan te voer” (Klassis Acta, art 16.2.2).

1.3.8 Die Partikuliere Sinode handhaaf die Appèl op grond daarvan dat Klassis Boland 2005 ‘n vorige besluit (2004) negeer sonder om enige gronde daarvoor te gee. Bowendien oordeel die Partikuliere Sinode dat die Kerkraad se besluit om die gebruik van die plakkaat goed te keur inderdaad op die Klassis se besluit gegrond is.

1.3.9 Sr Sattlegger appelleer na Nasionale Sinode 2006.

Besluit: Kennis geneem.

2. Die Sinode besluit

2.1 *Eerste Appèlgrond*

2.1.1 Beredenering

Die appellant se Appèlgrond en motivering

Die appellant voer aan dat Partikuliere Sinode 2005 reg krenk omdat hulle ‘n onseker besluit (Klassis Boland 2004) wat *nie* op die Skrif en die Belydenis gebaseer is nie, gebruik as formele/tegniese rede om ‘n besluit wat *wel* op Skrif en Belydenis gebaseer is, ter syde te stel. Daarbenewens betoog die appellant dat die Partikuliere Sinode ‘n verkeerde interpretasie van die gevolg van die geslaagde Appèl gebruik om die Appèl self in terme van KO, art 46 ter syde te stel en sodoende die reg insake KO, art 31 krenk.

Oorweging van die appèlgrond en motivering

Die appellant wys tereg aan dat die besluit van Klassis Boland 2004 nie op Skrif- en/of Belydenisgronde rus nie, terwyl die Klassis se uitspraak in 2005 oor haar Appèl wel die Skrif en Belydenis as basis het.

Oor die Partikuliere Sinode se interpretasie en toepassing van KO, art 46 in samehang met KO, art 31, blyk dit dat die Partikuliere Sinode twee verskillende besluite van Klassis Boland sodanig aan mekaar verbind, dat die een besluit (2005, oor sr Satlegger se Appèl) in die lig van ‘n ander besluit (2004, oor die Jesus-film) ongeldig geag word. Die werklikheid is

dat die Klassis in 2004 uitspraak oor teenoorgestelde standpunte oor die Jesus-film gelewer het, deur te besluit dat die vergadering hom “nie uitspreek dat Jesus afgebeeld mag word of nie”. In 2005 het die Klassis ten opsigte van ‘n heeltemal ander saak (‘n Appèl in verband met die Christus-afbeelding op die Breë- en Smalle Weg plakkaat) op grond van Skrif en Belydenis goedgekeur.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.2 Bevinding

Die appellant bewys regskrenking.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.3 Aanbeveling

Die Appèl slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Tweede Appèlgrond*

2.2.1 Beredenering

Die appellant se Appèlgrond en motivering

Die appellant voer aan dat die besluit van die Partikuliere Sinode 2005 meer gesag verleen aan ‘n besluit wat nie op die Skrif en Belydenis gegrond is nie, as aan die Skrif. Reg word ingevolge NGB, art 7 gekrenk.

Oorweging van die appèlgrond en motivering

In NGB, art 7 bely die kerke dat ons geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie. Die Skrif is die einde van alle teëspraak en die maatstaf waarvolgens sake in die kerk ingerig moet word.

Die Partikuliere Sinode gebruik die Klassisbesluit van 2004, wat geen Skrifgronde bevat nie, egter as basis vir regspraak in die Appèl van die Gereformeerde Kerk Stellenbosch teen Klassis Boland. Die uitspraak van Klassis 2005, wat wel op Skrifgronde rus (die appellant se beredenering van Skrifgronde is deur die Klassis goedgekeur – Klassis Acta 2005, art 38.4.1) word deur die Partikuliere Sinode tersyde gestel. Sodoende verhef die Partikuliere Sinode die gedagtes en besluite van mense bo die Woord van God.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2 Bevinding

Die appellant bewys regskrenking.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.3 Aanbeveling

Die Appèl slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Derde Appèlgrond*

2.3.1 Beredenering

Die appellant se Appèlgrond en motivering

Die appellant voer aan dat die Suidelike Partikuliere Sinode se besluit dat die Appèl van die Kerkraad van Stellenbosch slaag, en die besluit van Klassis Boland 2005 sodoende tersyde gestel word, met die Skrif en Belydenis bots ten opsigte van die leer oor die volkomenheid van die Skrif.

Oorweging van die beswaargrond en motivering

Met hierdie Appèlgrond weeg die appellant die Partikuliere Sinode se hantering van die 2004- en 2005-besluite van Klassis Boland. Klassis 2004 spreek hom, sonder om na die Skrif en die Belydenis te verwys, nie oor die afbeelding van Jesus uit nie. Klassis 2005 spreek hom wel oor die appellant se Skrifgebruik in die vraagstuk rondom die plakkaat "Die Breë en Smalle Weg" uit. Die Partikuliere Sinode 2005 oordeel dat die uitspraak van Klassis 2004, wat inderwaarheid 'n uitspraak van stilswye is (ons spreek ons nie uit nie), sonder enige gronde deur Klassis 2005 genegeer word. Hierdie oordeel van die Partikuliere Sinode is in die lig van NGB, art 7 ongegrond. Die Here spreek Hom in sy Woord duidelik en volkome oor afbeelding van Homself uit (oa Tweede Gebod).

Besluit: Kennis geneem.

2.3.2 Bevinding

Die appellant bewys regskrenking.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.3 Aanbeveling

Die Appèl slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 *Vierde Appèlgrond*

2.4.1 Beredenering

Die appellant se Appèlgrond en motivering

Die appellant voer aan die hand van verskeie dele uit die Belydenis aan dat die Suidelike Partikuliere Sinode se besluit dat die Appèl van die Kerkraad van Stellenbosch slaag, bots met die Skrif en ons Belydenis ten opsigte van die Tweede Gebod.

Oorweging van die beswaargrond en motivering

Net soos in Appèlgrond 3, weeg die appellant die Partikuliere Sinode se hantering van die 2004- en 2005-besluite van Klassis Boland. Klassis 2004 spreek hom, sonder om na die Skrif en die Belydenis te verwys, nie oor die afbeelding van Jesus uit nie. Klassis 2005 spreek hom wel oor die appellant se Skrifgebruik in die vraagstuk rondom die plakkaat "Die Breë en Smalle Weg" uit. Die Partikuliere Sinode 2005 oordeel dat die uitspraak van Klassis 2004 sonder enige gronde deur Klassis 2005 genegeer word. Hierdie oordeel van die Partikuliere Sinode is in die lig van die Skrif (onder andere Eksodus 20:4,5) en die Belydenis (NGB, artt 8 en 10 asook HK, So 35) ongegrond.

Besluit: Kennis geneem.

2.4.2 Bevinding

Die appellant bewys regskrenking.

Besluit: Kennis geneem.

2.4.3 Aanbeveling

Die Appèl slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur.

2.5 *Vyfde Appèlgrond*

2.5.1 Beredenering

Die appellant se Appèlgrond en motivering

Die appellant voer aan die hand van verskeie dele uit die Belydenis aan dat die Suidelike Partikuliere Sinode se besluit dat die Appèl van die Kerkraad van

Stellenbosch slaag, bots met die Skrif en ons Belydenis ten opsigte van Jesus Christus se twee nature.

Oorweging van die appèlgrond en motivering
Net soos in Appèlgronde 3 en 4, weeg die appellant die Partikuliere Sinode se hantering van die 2004- en 2005-besluite van Klassis Boland. Klassis 2004 spreek hom, sonder om na die Skrif en die Belydenis te verwys, nie oor die afbeelding van Jesus uit nie. Klassis 2005 spreek hom wel oor die appellant se Skrifgebruik in die vraagstuk rondom die plakkaat “Die Breë en Smalle Weg” uit. Die Partikuliere Sinode 2005 oordeel dat die uitspraak van Klassis 2004 sonder enige gronde deur Klassis 2005 genegeer word. Hierdie oordeel van die Partikuliere Sinode is in die lig van die Belydenis (NGB, art 19 asook art 30, Atanasius) ongegrond.

Besluit: Kennis geneem.

2.5.2 Bevinding

Die appellant bewys regskrenking.

Besluit: Kennis geneem.

2.5.3 Aanbeveling

Die Appèl slaag op hierdie grond.

Besluit: Goedgekeur.

3. Aanbeveling

Die Appèl slaag in sy geheel.

Besluit: Goedgekeur.

Die Sinode gaan uit camera.